LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY

Geagte Ouer

Laerskool Charlo het op 8 Junie ons Gr 7 leerders terug verwelkom. Ons kan met trots sê dat sedert die heropening van ons skool, het alles nog net seepglad verloop. Ons is waarlik geseën die afgelope 3 weke met leerders wat die reëls gehoorsaam en goed saamwerk. Ons wil ook dankie sê vir ons ouers wat die vorms so eerlik elke oggend voltooi en leerders met die geringste simptome, tuishou. **Al hoe ons hierdie virus kan oorwin, is as ons almal saamwerk en nie kanse neem met ander se gesondheid nie.**

As skool het ons 'n paar algemene reëls vir die personeel ingestel om te verseker dat, sou daar n positiewe geval in die skool wees, ons die aantal mense wat daardeur beïnvloed word, tot die minimum kan beperk. Van die reëls is onder andere dat die Grondslagfase Personeel aan hulle kant van die skool bly en die Intermediêre en Senior Primêre Personeel aan die ander kant van die skool. Elke fase probeer so ver moontlik om net kontak met hulle graadkollegas te hê. Sou een van die onderwysers of leerders siek word, sou dit dan slegs 'n klein deel van die personeel en kinders beïnvloed. Die personeelkamer het slegs 5 stoele wat meer as 1,5 m uitmekaar geplaas is. Dit word slegs gebruik vir vergaderings en mag nie gebruik word vir kuier nie. Die Grondslagfasepersoneel deel ook nie 'n badkamer met die IP en SP personeel nie. Ons het 'n streng skoonmaakroetine vir die werkers opgestel wat onder toesig van ons opsigter Mnr Johan Barnard en Me Linette Botha uitgevoer word. Alle "aanraakpunte" soos ligskakelaars en deurhandvatsels word deurlopend skoongemaak.

Dit is belangrik dat u bewus is van die Departement van Onderwys se Protokol ten opsigte van "PUI's" (Person under investigation= persoon wat moontlik die virus kan hê).

Uittreksel uit die "Standard Operating Procedures for teachers, non-teaching staff and learners on the coronavirus (2019-ncov) or COVID-19 outbreak in South Africa" :

"An employee exposed to a <u>confirmed</u> case of COVID-19

- In terms of the NDoH's guidelines, all employees who were in contact with the infected person are required to self-quarantine at home for a period of 14 days or for a duration as prescribed by the DoH while being monitored for symptoms.
- The HOD must ensure that all workspace(s) of those exposed are cleaned and disinfected thoroughly.

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH
POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070
TEL: 041 367 1172
FAX: 041 367 2334
EMAIL: info@charlo.co.za
WEB: www.charlo.co.za
FACEBOOK: http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool

LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY

An employee <u>tested positive</u> for COVID-19

- The relevant public health officials will discuss the case, identify people who have been in contact with the patient, and advise on any action or precautions that should be taken.
- An assessment will be undertaken by the public health officials and advice on the management of pupils or learners and staff will be based on this assessment.
- If an employee has been diagnosed with COVID-19 and isolated in accordance with the Department of Health Guidelines, an employer may only allow an employee to return to work on the condition that they have undergone a medical evaluation confirming that the employee has been tested negative for COVID-19.

Action to be taken when a child/learner may have been exposed to a suspected/probable case of COVID-19, or a suspected case for whom testing for COVID-19 is inconclusive as reported by the laboratory

- If a child/learner has been in contract with a **suspected** case of COVID-19 in a school, no restrictions or special control measures are required until the laboratory test results for COVID-19 have been received
- There is no need to close the institution or send other children or staff home.

Action to be taken when a child/learner may have been exposed to a confirmed case of COVID-19

- All close contacts of a confirmed COVID-19 case are required to **quarantine in their homes for 14 days** while being monitored for symptoms. They may not attend school.
- Learners who are not contacts of a confirmed case should attend school. Family and friends who have not had close contact with the confirmed case do not need to take any precautions or make any changes to their activities, unless they begin to develop symptoms.
- Learners who have interacted with a healthy contact of a confirmed case, specifically, should not be excluded from school. A person who come into contact with a healthy contact of a confirmed case, is unlikely to result in transmission.

Ons wil versoek dat u leerders wie saam met 'n "PUI" bly, ook eers tuis sal hou totdat u die uitslag kry, al vereis die wet dit nie. Ons wil eerder veilig speel. Ons is ver voor met ons kurrikulum. Ons sal sorg dat ons daardie werk met die leerder inhaal.

Op Vrydag, 26 Junie, het ons 'n sms uitgestuur aan ons Gr 3 en Gr 6 ouers om hulle in te lig dat ek noue kontak gehad het met 'n persoon wat op Donderdagmiddag positief getoets het vir die virus. Ek het dadelik in self isolasie gegaan. Alhoewel my toetsuitslag negatief is, moet ek steeds my 14 dae isolasie voltooi. Ek hoop die feit dat ons dadelik ons ouers ingelig het as bewys dien van hoe ernstig ons, ons verantwoordelikheid teenoor u kind opneem. Ek hoop ook dat dit sal help om stigmatisasie van COVID-

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH
POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070
TEL: 041 367 1172
FAX: 041 367 2334
EMAIL: info@charlo.co.za
WEB: www.charlo.co.za
FACEBOOK: http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool

LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY

19 uit te roei by Laerskool Charlo. Ek sal eerder dat daar stories rondloop dat Charlo gesluit is, as wat ek 'n kans vat met u kind se gesondheid.

Ek wil u herinner dat ons nie die mannekrag het om laatkommers te skandeer nie. Dit gaan veral problematies wees wanneer al die grade terug is. Ons onderwysers moet toesig oor die kinders in die klas hou en kan nie by die hek wag vir laatkommers nie. Maak dus asb. seker dat u kind elke oggend betyds is. Daar sal in die middae slegs vir 15 min na verdaging, toesig wees. Wees asb. stiptelik om u kind op te laai na skool, anders gaan daar 'n opeenhoping wees wanneer die volgende graad uitkom. Ons het nie kontrole oor kinders wat buite die skool in groepies vergader nie.

Ons besef daar is uitdagings met die vraelyste wat u soggens moet invul. Ons werk hard daaraan om dit uit te sorteer. Ons vra asb. baie geduld en begrip. Sodra hierdie stelsel werk, gaan dit die proses soveel makliker maak soggens, veral vir die jonger kinders. Die ouers van die Gr R en Gr 1's weet hoe spanningsvol dit vir die kind gaan wees om daardie vrae te beantwoord. Ons wil ook die kinders so gou moontlik binne die skoolgrond en klasse kry, veral op reënerige dae. Die aanlyn-vraelys gaan hiermee help.

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om Mnr Eon Strauss, van Westering Primary, as ons nuwe Adjunkhoof te verwelkom. Ek glo en vertrou dat hy baie gelukkig by ons sal wees en dat hy met sy bydrae die skool tot groot hoogtes sal neem.

Laastens wil ek dit onder u aandag bring dat die skool se gedragskode aangepas is om voorsiening te maak vir leerders wat met opset die COVID-19 skoolreëls oortree. Hierdie nuwe gedragskode is op D6 vir u om te besigtig. Elke graad wat terugkeer sal sy eie oriënteringsessie hê. Ons kinders sal goed ingelig wees oor wat hulle mag en nie mag doen nie.

Ons is opgewonde en voorbereid om die volgende groep leerders terug te verwelkom en om hulle te help om aan te pas by die nuwe normaal.

Met geloof kan ons alles oorwin.

Charlogroete

A Daniell

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH
POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070
TEL: 041 367 1172
FAX: 041 367 2334
EMAIL: info@charlo.co.za
WEB: www.charlo.co.za
FACEBOOK: http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool

LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH
POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070
TEL: 041 367 1172
FAX: 041 367 2334
EMAIL: info@charlo.co.za
WEB: www.charlo.co.za
FACEBOOK: http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool